

## Amerikaner leer op sy eie Afrikaans praat

📅 16 Februarie 2016 (<http://maroelamedia.co.za/2016/02/16/>)

👤 Cyril Blackburn (<http://maroelamedia.co.za/author/cyrilblackburn/>)

f  
(<http://maroelamedia.co.za/leer-op-sy-eie-afrikaans-praat/share=facebook&nb=1>)

🐦  
(<http://maroelamedia.co.za/leer-op-sy-eie-afrikaans-praat/share=twitter&nb=1>)

✉  
(<http://maroelamedia.co.za/leer-op-sy-eie-afrikaans-praat/share=email&nb=1>)

Tom West. Foto: [www.intermarkls.com](http://www.intermarkls.com)

’n Amerikaanse regsgeleerde en taalpraktisyn, Tom West, wat tans in Suid-Afrika is vir ’n seminar oor die siviele prosesreg, het op sy eie Afrikaans leer praat deur slegs gebruik te maak van die internet, boeke en musiek.

West het in ’n onderhoud met Maroela Media vertel hy het op ’n jong ouderdom besef dat hy ’n aanvoeling en liefde vir tale het. As hoërskoolleerling het hy op sy eie Spaans en Frans leer praat. “Ek het ná skool in die regte gaan studeer, maar kon nooit ontslae raak van my liefde vir taal nie. In 1999 het ek my liefde vir taal en die reg verweef.”

Hy het ná sy regstudie ’n voorgraadse diploma in Frans en ’n nagraadse diploma in Duits voltooi en is deur die Amerikaanse vertalersvereniging geakkrediteer vir vertalings van Frans, Duits, Spaans en Nederlands na Engels. Hy is tans sewe tale magtig: Duits, Frans, Afrikaans, Engels, Russies, Nederlands en Spaans.

West vertel hy het ’n paar jaar gelede ’n erediens by ’n kerk in Atlanta in die VSA bygewoon waar ’n Engelssprekende Suid-Afrikaanse predikant die diens gelei het. “Hy het baie Suid-Afrikaners na die kerk getrek. ’n Afrikaanse sopraan, Sonja Allen, het ook dié dag opgetree en sy het my baie gefassineer. Van daardie dag af was ek geweldig geïnteresseer in die Afrikaanse taal.”

Van sy eerste ontmoetings met Afrikaanse musiek was dié van die bekende komponis S Le Roux Marais. “Ek het ook verskeie boeke aanlyn gekoop en vir my ’n HAT bestel. Ek luister graag na musiek van Mimi Coertse en die RSG-program *Die tale wat ons praat*. Wanneer ek na al die elemente luister, probeer ek die klanke namaak tot ek mettertyd die woorde reg kan uitspreek.” Dit is beslis ’n wenresep wat werk!



Hy sê hy het eers onlangs Afrikaans met ander mense begin praat. “Twee weke voor ek Suid-Afrika toe gekom het, het ’n egpaar in ’n ouetehuis in Texas my genooi om by hulle te kom kuier. Hulle het voorheen in Pretoria gewoon en het gesê ek moet my Afrikaans oefen. Hulle was vol lof vir my vermoëns en het my baie komplimente gegee.”

West sê enigiemand kan ’n taal aanleer, mits hy ’n liefde daarvoor het en toegewyd is. “Ek vra almal in Suid-Afrika om met my Afrikaans te praat om my vermoëns te verbeter. As jy lief is vir taal en graag iets wil aanleer, kan jy.”

West bied op 18 Februarie ’n seminaar aan by die Universiteit van Johannesburg (UJ) oor die belangrike rol van taal in die Suid-Afrikaanse siviele prosesreg. “In die seminaar beskou ons die terminologie van die Suid-Afrikaanse siviele prosesreg in Engels en Afrikaans. Siviele prosesreg is ’n besonder geskikte onderwerp vir vertalers en tolke wat nie die reg bestudeer het nie, aangesien Jan Alleman meestal geen kennis daarvan het nie. Die meeste mense het egter wel ’n bietjie ervaring in ander regsgebiede, soos kontraktereg, familiereg en eiendomsreg.”

Tydens die seminaar word die siviele prosesreg vanuit ’n taalhoek bestudeer. “Ons sal die siviele prosesreg vanuit ’n taalkundige perspektief ondersoek, met ander woorde, sinonieme, antonieme en kollokasies, en sal die twee soorte prosedures, naamlik aksies en aansoeke, in die Suid-Afrikaanse siviele prosesreg bespreek. Ons sal ook kyk na die hulpmiddels wat ’n regsvertaler kan help.”

Die seminaar vind plaas in UJ se konferensielokaal C, Madibeng-gebou, op die Kingsway-kampus in Auckland Park, Johannesburg. Bespreek by Stefanie Dose per e-pos by [sdose@uj.ac.za](mailto:sdose@uj.ac.za) (<mailto:sdose@uj.ac.za>). Die werksessie is gratis.

Deel van: [Toetentaal \(http://maroelamedia.co.za/kategorie/afrikaans/\)](http://maroelamedia.co.za/kategorie/afrikaans/)

◆ Afrikaans (<http://maroelamedia.co.za/tag/afrikaans-onderwerp/>) ◆ regte (<http://maroelamedia.co.za/tag/regte/>)

◆ taal (<http://maroelamedia.co.za/tag/taal/>)

◆ Universiteit van Johannesburg (<http://maroelamedia.co.za/tag/universiteit-van-johannesburg/>)

◆ VSA (<http://maroelamedia.co.za/tag/vsa/>)

---

## Nou pra' jý

Maroela Media hou van 'n lekker warm debat en wil aan alle kuiermense die geleentheid gee om hul mening te lug. Ons sal egter geen rassisme, seksisme, homofobie, vieslike persoonlike opmerkings, ander vorms van haatspraak of kru, kras en vuil taal duld nie. Maroela Media behou die reg voor om enige kommentaar te verwyder. Hou in gedagte dat Maroela Media en jy as kommentator aanspreeklik gehou kan word indien jy iemand se regte skend. Moenie die oom of tannie in die familie wees van wie niemand hou nie.

### 3 Kommentare

 **catrien olivier** ·

🕒 2 weke gelede (<http://maroelamedia.co.za/afrikaans/amerikaner-leer-op-sy-eie-afrikaans-praat/#comment-160714>)

Wat ’n wonderlike voorbeeld van ’n Amerikaner wat wil Afrikaans praat en boonop GOEIE Afrikaans. Wens daar was meer jong Afrikaanssprekendes wat wil AFRIKAANS praat i.p.v. gemengde gemors.

📧 rapporteer

antwoord (<http://maroelamedia.co.za/afrikaans/amerikaner-leer-op-sy-eie-afrikaans-praat/?replytocom=160714#respond>)

